Seejol

VANAF 1990

# Seejol Voortrekkerkamp 2026

Baie welkom by Seejol 2026!! Dit is hierdie jaar Seejol se 36ste bestaansjaar en dit beloof om ‘n besonderse kamp te wees. Seejol 2026 bring voortreflike tradisies, nuwe geleenthede, en 'n onvergeetlike avontuur.

HOU KOERS

Die Voortrekkers

**Kamptema:**

# Lig in elke Draai

---

**Kampdoelwitte:**

1. Om Voortrekkers die geleentheid te bied om meer te leer oor die see, kuslewe, en bewaring as deel van God se skepping.
2. Om 'n see-vakansie aan te bied wat avontuurlike aktiwiteite kombineer met Voortrekkerwaardes.
3. Om 'n veilige, gesonde, en opwindende omgewing te skep waar vriendskappe gesmee en hernu word.

---

**Belangrike Kampdatums:**

- **Kampopslaan:** 21 – 26 Junie 2026 **(net vir offisiere)**
- **Seejol 2026:** 26 Junie – 5 Julie 2026
  - Busse vertrek vanaf Hoërskool Waterkloof, 26 Junie om 18:00
  - Busse vertrek vanaf Mosselbaai, 4 Julie om 17:00
  - Busse arriveer terug by Hoërskool Waterkloof, 5 Julie om en by 13:00

---

**Seejol Toep:**

- **Laai die Seejol toep af voor of op 31 Mei 2026.**
- **Alle** kommunikasie sal via die toep plaasvind.
- Die skakel na die toep sal per e-pos gestuur geword, sodra jy in geskryf is.

---

**Vervoer reëlings:**

Busse vertrek **Vrydag 26 Junie 2026 stiptelik om 18:00** vanaf Hoërskool Waterkloof. Maak seker dat jy alreeds tussen **16:30 en 17:30** by die busse aanmeld sodat alle bagasie gelaai kan word. Jou bagasie moet met ‘n kleur lint, die kleur van jou divisie, gemerk word (sien asseblief die tabel met die verskeie divisies).

Maak seker jy het ingeteken op die bus voor of op **Vrydag 26 Junie 2026 om 15:00**.

Busse sal volgens divisies ingedeel word, dus is dit belangrik dat jy na jou divisie bus sal beweeg sodra jou bagasie gelaai is. **Die busse sal stiptelik om 18:00 vertrek.**

Die busse sal Verkenners en Offisiere by die volgende punte optel:

- **McDonalds by Beyers Naudé weg: 18:50-19:00 (26 Junie)**
- **Vaal Plaza Truck Stop: 20:10 - 20:20 (26 Junie)**
- **Kroonstad Shell Ultra City: 21:30 - 22:00 (26 Junie)**
- **Welkom (McDonalds by Goldfields Mall): 22:45 - 23:15 (26 Junie)**
- **Bloemfontein Shell Ultra City (Hoërskool Jim Fouché): 00:45 - 01:15 (27 Junie)**

Ons beoog dat die busse Saterdag 27 Junie 2026 tussen 13:00 - 14:30 by De Bakke Santos, Mosselbaai arriveer.

Die busse sal Saterdag 4 Julie 2026 om 17:00 by De Bakke Santos vertrek, na Pretoria. Die busse sal by die volgende punte stop om Verkenners en Offisiere af te laai:

- **Bloemfontein Shell Ultra City**
- **Welkom (McDonalds by Goldfields Mall)**
- **Kroonstad Shell Ultra City**
- **Vaal Plaza Truck Stop**
- **McDonalds by Beyers Naudé weg**
- **Hoërskool Waterkloof**

Daar sal kommunikasie uitgaan op verskeie platvorms oor waar die busse stop, en die tye wat die busse beoog om by die bo genoemde punte te stop.

**Vliegtuie:**

Ons verkies dat jy bus ry om gees te bou. Indien jy per vliegtuig na George Internationale-lughawe en terug sou reis:

- Alle Verkenners en Offisiere moet Saterdag 27 Junie 2026 tussen 08:00 en 12:00 land.
- **Geen Verkenner of Offisier sal na 12:30 opgelaai word nie!!!**
- ‘n Vervoerfooi van R150 per persoon is betaalbaar saam met kampgelde.
- Indien ‘n Verkenner of offisier vroeër land, moet jul asseblief geduldig wag op die lughawe.
- Verkenners en offisiere sal Saterdag 4 Julie 2026 weer afgelaai word by die lughawe teen ‘n koste van R150.
- Indien ons geen vlug tye ontvang het nie, sal die Verkenner of Offisier **nie afgehaal of afgelaai word nie.**

**Kamp Verblyf:**

- Verkenners
  - Julle hoef geen tente saam te bring na die kamp toe nie, tente word voorsien.
- Offisiere:
  - Tente sal beskikbaar wees.
  - Jul is welkom om julle eie tent/e saam te bring.
  - Daar sal weer karavane te huur wees. Boek en betaal jou karavaan direk by André Nel, deur die volgende vorm te voltooi: https://forms.gle/QJWrBbLQydTDdYrh7

---

**Divisies/Kursusse:**

Die volgende kursusse word aangebied by Seejol. Kies een van die kursusse en skryf vandag nog in vir een van ons fantasiese kursusse. **Let wel: Vereistes vir Selfbehoud: jy moes alreeds Kruismas voltooi het op Seejol om goedkeuring te ontvang vir Kwartdek (Selfbehoud)!!!!!**

| Divisie/Kursus | Graad | Kenteken/s | Divisieleier |
|---|---|---|---|
| Ontdekkers | 7 | Afrikanerkind | Jaco Perold<br>jaco.perold@icloud.com |
| Voormas | 8 | Kuswag, Seekunde | Wayne Theunissen<br>Info@vuurvlam.co.za |
| Grootmas | 9 | Grotte, Standstudie | Bertie Eimer<br>bertie.voorslag@gmail.com |
| Kruismas | 10 | Natuur & bewaring, Strandvernuf | Megan Dyssel<br>megandyssel@gmail.com |
| Griffiers | 10, 11, 12 | Kamp kommunikasie & Fotografie | Marli Duvenhage<br>duvehagema@gmail.com |
| Sinkers | 11, 12 | Rotshengel, Soutwaterhengel | Tracy van Tonder<br>tracyvt6@gmail.com |
| Branderbrekers | 11, 12 | Branderry, Waterveiligheid | Chene Thompson<br>thompsonchene@gmail.com |
| Die Duikers | 11, 12 | Snorkelduik, Waterveiligheid | JP Coetzee<br>jpcroucamp@gmail.com |
| De Kotters | 11, 12 | Seeroei, Waterveiligheid | Corne<br>corne.heckroodt@gmail.com |
| Kraaiboks | 11, 12 | Videoredigering, | Roelof Hayward |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | Fotografie | roelofhayward@gmail.com |
| Getystappers | 11, 12 | Staptogte, Dienaar-Leier, Afrikanererfenis | Lindi Ceronio lindi@lincer.co.za |
| Kwartdek | 11 | Selfbehoud, Staptogte & Dienaar- Leier | Jana Bisschoff j.bisschoff312@gmail.com |
| Dekhande | Jong Volwassenes | Seekunde | Mauritz Meiring mm@mmeiring.co.za |
| Seeskilpadjies | 4-11 jaar | | |
| Volwassenes (Walrusse) | Enige ouderdom | | Lydia Botha lbotha@live.co.za |

**Onthou om al jou bagasie te merk volgens die divisies hierbo.**

---

**Algemene Reëls:**

1. Respekteer die natuur en mekaar.
2. Hou 'n hoë vlak van higiëne en netheid in tente en gemeenskaplike areas.
3. Neem aktief deel aan die kampaktiwiteite en wees stiptelik.
4. Volg alle veiligheidsinstruksies, veral tydens strandaktiwiteite.

---

**Inskrywingsinligting:**

Alle inskrywings vind plaas deur SAS, dus moet almal ‘n ingeskrewe lid wees van die Voortrekkers. Indien jy nie ‘n lid is nie, kan jy op die volgende skakel klik om deel te word van Die Voortrekkers: https://registrasie.voortrekkers.co.za

Die inskrywings maak **29 Maart 2026** oop, en sal **31 Mei 2026 om 00:00** sluit. Volg die volgende skakel om suksesvol in te skryf vir Seejol 2026:

Die kostes vir die kamp beloop as volg:

- Verkenners R3350
- Diensdoende Offisiere R1500
- Volwasse kursus R2000
- Volwassenes in die Skeepskombuis/Noodhulp R800
- Seeskilpadjies **(Offisiere se kinders)** R1500

Indien jy nie met die bus

- **Na** Mosselbaai ry nie, kan jy R150 van jou kampgeld aftrek.
- **Vanaf** Mosselbaai ry nie, kan jy R150 van jou kampgeld aftrek.

Kampgelde kan betaal word op die volgende metodes:

1. 'n Direkte betaling kan gemaak word (Sien ons bankbesonderhede hier onder)
2. Afbetaling per maand kan gemaak word. Hier is die volgende opsies:

   **Opsie 1:**

   Julle kan die kamp afbetaal oor die volgende 3 maande:

   Maart - R 1170

   April - R 1170

   Mei - R 1010

   **OF**

   **Opsie 2:**

   Julle kan die kamp afbetaal oor die volgende 2 maande:

   April - R 1675

   Mei - R 1675

**Bankbesonderhede:**

| | |
|---|---|
| Bank: | Investec |
| Rekening naam: | Seejol_Die Voortrekkers |
| Tipe Rekening: | Tjekrekening |
| Rekening nommer: | 50022912219 |
| Takkode: | 580105 |
| Verwysing: | Lid nommer & Divisie/Kursus<br>*(Voorbeeld - 199662_Branderbrekers)* |

**Let wel:**
**Indien jy wil inskryf na 31 Mei 2026, gaan daar 'n administrasie fooi van R200 gehef word.**

**Alle uitstaande gelde moet ten volle betaal wees teen 19 Junie 2026. Indien daar enige kanselasies is 'n maand voor die kamp, sal geen kampgelde terug betaal word nie.**

## Voorbereiding en Paklys:

1. Bybel
2. Kospakkie vir die bus.
3. Slaapsak, kussing en warm kombers.
4. Grondseil wat jy op die grond kan neerlê om die ergste koue te breek van onder.
5. Notaboek en skryfbehoeftes
6. Swemklere, sonbrandmiddel, en 'n reënbestande baadjie
7. Gemaklike skoene, warm klere, en aktiewe Voortrekkerdrag
8. Badkamersakkie met alle nodige goedere om jouself skoon te maak.
9. Persoonlike medikasie - dit moet ingehandig word by Noodhulp.
10. Sakgeld vir die snoepie
11. Bordesakkie, sponsie en afdrooglap - papierborde kan gebruik word, dit word net weg gegooi.
12. Flits en ekstra batterye
13. Dagsakkie en waterbottel vir uitstappies deur die dag.
14. **Een** tas per persoon, indien jy bus ry.
    **Geen kratte nie, dit bemoeilik die pak van die busse.**
15. Jou Divisieleier sal kontak maak met jou **indien** daar addisionele items is wat jy moet saam bring.

Maak asseblief seker dat al jou items wat in jou tas, so ook jou tas, gemerk is met jou naam en van.

**Let wel: Ons vat geen verantwoordelikheid vir items wat verlore of agter gelaat word nie. Jou items bly jou verantwoordelikheid!!**

## Kontakbesonderhede:

Indien julle enige navrae het rakende Seejol, die inskrywings en betalings, is julle meer as welkom om ons webtuiste te besoek by http://voortrekkers.co.za/seejol of om die kampbestuur te kontak by: **seejol@voortrekkers.co.za**

**Kom ons vier 36 jaar van avontuur en vriendskap!**

Maak seker jy skryf vandag nog in en word deel van **Seejol 2026**, waar herinneringe geskep en lewens verander word.

# Dis lekker hier by seejol!

SEEJOL_VERKENNERKAMP

FACEBOOK